
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# JUNIE EKSAMEN
# GRAAD 12

# 2025

## AFRIKAANS
## EERSTE ADDISIONELE TAAL

## (VRAESTEL 1)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

C2021A

**TYD:** 2 uur

**PUNTE:** 80

**14 bladsye**

X05

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taal (40)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 20 minute
   AFDELING C: 50 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: ARTIKEL

Lees die artikel hieronder deur en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**BOKSE VOL LIEFDE**



1 Dit kos nie ŉ arm en ŉ been om ŉ kind in nood te ondersteun nie. Net ŉ gewillige hart, ŉ bietjie verbeelding en ŉ skoenboks. Ons gesels met Debbie Zelezniak, hoof van die *Santa Shoebox Project*, oor die verskil wat hulle in kinders en volwassenes se lewens maak.

2 Hulle sorg elke jaar dat tienduisende kinders landswyd ook weet hoe dit voel om ŉ geskenkboks vol splinternuwe geskenke te ontvang. Die *Santa Shoebox Project* is egter net ŉ deel van wat hulle doen. Die ander ses maande lei dié groep wonderwerkeronderwysers op, bou skole en rig leeshoekies op in gemeenskappe wat dit nie kan bekostig nie.

3 Vir Debbie Zelezniak (55), hoof van die *Santa Shoebox Project* (SSP), het haar werk by dié organisasie haar lewe op vele maniere beter gemaak. Hoewel dit haar voltydse werk is, sien Debbie dit nie as werk nie. Dit maak haar hart en haar lewe vol.

4 Debbie kon netsowel Kersvader se beherende elf gewees het. Hulle kyk na nood en na kinders wat min of niks het as gevolg van omstandighede en help dan waar hulle kan.

5 *Santa Shoebox* verrig wondere. Dit saai vreugde en bou gemeenskappe op, maar die nood groei jaarliks. En ongelukkig groei die getal mense wat skenk en ŉ verskil kan maak, níé saam met die behoefte nie. Debbie sê die aantal bokse van die vorige jaar (75 000) is ver oorskry. "Ons weet ons sukses lê nie in syfers nie. Dit lê in gee, ontvang, opheffing en bemagtiging," sê sy.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African
GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Blaai om asseblief

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



6 Tog wys die syfers hoe dié projek ŉ verskil maak. Debbie se storie gee jou ŉ warm gevoel in jou binneste. Toe sy gevra is om 12 jaar terug by *Santa Shoebox* aan te sluit het sy gekom uit ŉ entrepeneursagtergrond. "Ek het besef dat om te gee nie net uit- of weggee is nie. Deur te gee help jy ander. Die ontsaglike manier waarop beide die een wat gee, sowel as die ontvanger bemagtig word en groei in die proses, het my diep geraak, dis ŉ geweldige leerkurwe om dit te besef," sê Debbie. "My idee was eers dat jy armer word as jy gee. Maar dis andersom! En almal verdien om bemagtig te word en om te ontvang," sê sy.

7 Die *Santa Shoebox Project* het die afgelope 18 jaar byna 1,3 miljoen geskenkskoenbokse aan minderbevoorregte kinders uitgedeel. Hulle het vyf skole gebou, 1 529 onderwysers opgelei en 223 leeshoekies opgerig. Debbie vertel dat die projek ook virtueel aangebied is en dat daar genoeg geld ingesamel is om in 2025 twee skole te kon bou, een skool in die landelike gebiede van KwaZulu-Natal en een in Mpumalanga. Die SSP bestaan uit twee dele. Dit bestaan uit die *SSP Legacy* en die skoenboksprojek. Eersgenoemde sorg vir permanente verandering in die lewens van kinders met bittermin hulpbronne en die tweede vir die gemeenskappe waarin hul leef.

8 Deur die *SSP Legacy* word nuwe vroeë kinderontwikkelingsentrums gebou en oues getransformeer. Die fokus is op infrastruktuur en registrasie by die Departement van Basiese Onderwys, onderwysersopleiding en vroeë geletterdheidsontwikkeling. Deur die skoenboksprojek kry tienduisende kinders jaarliks ŉ skoenboks gevul met splinternuwe items soos seep, ŉ waslap, ŉ tandeborsel en tandepasta, opvoedkundige items, ŉ kledingstuk, lekkers en ŉ speelding. Jy is welkom om enigiets ekstra in te pak solank dit in ŉ mediumgrootte skoenboks pas.

9 "Ons gee niks tweedehands nie. Hierdie kinders moet hul lewe lank alles met iemand deel. Hulle verdien nuwe goed," sê Debbie.

10 "ŉ Lewensveranderende oomblik vir my was toe ŉ meisie eendag haar skoenboks oopmaak, die koekie seep uithaal, in die lug hou en skree: 'My eie seep! My eie seep!' Ek moes by daai klaskamer uitstap; dit het my geruk. Jy kan nie hardop huil voor kinders nie, dit maak hulle bang. Ek was in stukke. ŉ Kind moenie voel hulle verdien nie hul eie seep nie."

11 Elke kind wat die vreugde daarvan ervaar om te gee en te ontvang, is die storie van ons sukses. Die skenkerkinders wie se ouers hierdie ontsettende waardevolle lesse oordra en vir hulle eie kinders leer dat nie alle kinders die dinge kry wat hulle kry nie, is net so waardevol soos die minderbevoorregte kind wat ŉ boks vol splinternuwe geskenke ontvang.

**[Verwerk uit: *Kuier, Desember 2024*]**

**LET WEL:**
- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African
GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



1.1 Wat word die projek genoem waar mense bokse vol liefde vul? (1)

1.2 Wie is die persoon in beheer van hierdie projek? (1)

1.3 Watter EEN woord uit paragraaf 2 dui daarop dat die donasies deur die hele land versprei word? (1)

1.4 "Dit kos nie 'n arm en 'n been nie" beteken dat dit baie duur is.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.5 Aan watter TWEE vereistes moet kinders voldoen om deel te wees van die projek? (Paragraaf 4) (2)

1.6 "Die ander ses maande lei dié groep wonderwerkeronderwysers op, bou skole en rig leeshoekies op in gemeenskappe wat dit nie kan bekostig nie."

1.6.1 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies.

"Die ander ses maande" verwys na die (tydperk/teenstander) wanneer hulle gemeenskapprojekte bou. (1)

1.6.2 Reg deur die jaar vind daar projekte plaas. Wat is die verskil in gebeure in die eerste ses maande en die laaste ses maande van die jaar? (2)

1.7 Wat beteken die afkorting, "SSP" in paragraaf 3? (1)

1.8 Volgens paragraaf 5 is daar voordele aan dié projek. Noem EEN voordeel. (1)

1.9 "Dit saai vreugde en bou gemeenskappe op ..." (Paragraaf 5)

1.9.1 Sê of die frase konnotatief of denotatief gebruik word. (1)

1.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.9.1. (1)

1.10 Hoe lank is die *Santa Shoebox Project* al aan die gang? (1)

1.11 Waarom kan ons sê dat die *Santa Shoebox Project* uit twee dele bestaan? (2)

1.12 Hoeveel kinders kry jaarliks 'n skoenboks? (1)

1.13 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.13) neer.

Die kinders verdien alles nuut in die boks, want hulle is ...

A bederf.
B vol fiemies.
C daaraan gewoond om nuwe goed te kry.
D daaraan gewoond om tweedehandse goed te kry. (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



1.14 Noem EEN item wat in hierdie skoenboks kan voorkom. (1)

1.15 Skryf TWEE OPEENVOLGENDE woorde uit die slotparagraaf neer wat aandui dat die kinders nie dieselfde aantal besittings as ander kinders het nie. (1)

1.16 Dink jy Debbie is ŉ waardige rolmodel vir jongmense? Motiveer jou antwoord. (1)

1.17 Watter raad sal jy aan die projekbestuurder gee om die projek nog beter te maak? (1)

1.18 Volgens die slotparagraaf is daar twee partye wat voordeel trek uit hierdie projek.

Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord. (1)

1.19 Hierdie leesstuk handel oor kinders wat minderbevoorreg is.Die kinders ontvang EEN *Santa Shoebox* per jaar. Dink jy dat EEN *Santa Shoebox* genoeg is? Motiveer jou antwoord. (1)

**TEKS B: SPOTPRENT**

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




**[Uit: *Rapport-spotpent 26 September 2021*]**

1.20 Wat wil die skrywer bereik deur gebruik te maak van die braaier in die spotprent? (2)

1.21 Noem EEN aspek van Suid-Afrikaanse erfenis wat in hierdie prent uitgebeeld word. (1)

1.22 Watter spesery gooi die man op die vleis? (1)

1.23 Waarom is die woord 'BAIE' onderstreep? (1)

1.24 Hoe weet jy dat die man baie van braai hou? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



## AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

### VRAAG 2

Jy moet probeer om brandstof te bespaar.

**INSTRUKSIES:**

1. Som die SEWE FEITE OOR DIE MANIER WAAROP ŉ MENS KAN SPAAR WANNEER JY KAR BESTUUR in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die feite puntsgewys neer.
3. Nommer die feite van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**SPAAR SO AGTER DIE STUUR**

Ry egalig, voet liggies op die versnellerpedaal, en moenie onnodig hard rem nie, beklemtoon Layton. Hoe vinniger jy ry, hoe meer petrol gebruik jy. Trek dus stadig en geleidelik by verkeersligte en stopstrate weg.

Amerika se *Union of Concerned Scientists* sê as jy ŉ spoed van so 100 km/h in plaas van 120 km/h handhaaf, kan jou petrolverbruik met tot 20% daal.

Skakel oor na ŉ hoër rat sodra jou enjin dit toelaat, want jy gebruik meer petrol in laer ratte. Jy kan ook ratte oorslaan. Gaan byvoorbeeld direk van eerste na derde rat.

Om jou revolusies onnodig hoog te laat hardloop vreet petrol. Motoriste trap dikwels die versneller tot 3 000 omwentelings per minuut of meer wanneer hulle na ŉ hoër rat verwissel, terwyl 2 500 in ŉ petrol- en 2 000 in ŉ dieselmotor voldoende is.

Beplan jou reis sodat jy die kortste roetes volg en dié met baie kruisings en voetgangers vermy. Vermy so ver as moontlik spitstye en swaar verkeer, benadruk Layton. Jy kan verkeersverslae en *Google Maps* monitor om verkeersknope te probeer vermy.

Momentum is jou vriend: Let op na die verkeer ŉ paar honderd meter voor jou en bestuur versigtig sodat jy aanhoudend beweeg in plaas daarvan om aanhoudend te stop en weg te trek. Wanneer jy ŉ rooi verkeerslig nader, kan jy stadiger ry sodat dit na groen oorslaan voor jy daar kom.

Probeer soveel moontlik dinge tydens een rit afhandel, in plaas daarvan om kort-kort vir een of twee items winkel toe te ry.

[Verwerk uit: *Raad, Huisgenoot Lente/Somer 2024*]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie (TEKS D) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS D**

**KRY 15**
**VAN JOU GUNSTELING**
**AFRIKAANSE**
**TYDSKRIFTE DIGITAAL**



**VIR SLEGS**

**R99 PER MAAND**

- **Besoek www.digitaletydskrif.co.za vanaf jou elektroniese toestel.**
- **Registreer maklik en (3.5) vinnig.**
- **Lekker leesgenot word gewaarborg!**
- **Vir enige navrae, klagtes of kommentaar, kontak DIGITALE TYDSKRIF se kliëntediens.**
- **Selnommer: 061 532 9425**

[Verwerkte Teks]

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



3.1 Hou die teikenmark van hierdie advertensie in gedagte.

3.1.1 Met wie word daar direk in hierdie advertensie gepraat? (1)

3.1.2 Watter groep mense, dink jy, word uitgesluit? (1)

3.2 Watter inligting omtrent hierdie advertensie sal die teikenmark oorreed om tot aksie oor te gaan? (2)

3.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Met die foto's van die elektroniese toestelle wys die adverteerder vir ons dat mense hulle tydskrifte op hulle (selfone/sellfone) kan lees. (1)

3.4 Waarom, dink jy dat dit slim was van die adverteerder om foto's van DRIE verskillende elektroniese toestelle te gebruik? (1)

3.5 Gee die INTENSIEWE VORM van "vinnig". (1)

3.6 Kyk na die inligting onder die prente.

3.6.1 Skryf VIER OPEENVOLGENDE woorde neer wat 'n **mening** is. (1)

3.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.6.1. (1)

3.7 Waaruit kan ons aflei dat **DIGITALE TYDSKRIF** graag wil weet wat mense van hulle produk dink? Skryf dit in jou eie woorde. (1)
**[10]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**

**MEESTER EN NEELSIE** **DANIE CRONJE**




**[Uit: *http://meester.yolasite.com/strokies.php*]**

4.1 In RAAMPIE 1 sien ons 'n tipiese situasie wat in 'n klaskamer afspeel.

4.1.1 Hoe kan ons sien dat Neelsie en sy vriend in 'n klaskamer is? Gee EEN visuele teken. (1)

4.1.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Neelsie en sy maat is besig om ('n plan te maak/te kuier). (1)

4.1.3 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.1.2 deur te verduidelik wat Neelsie **doen**, nie wat hy sê nie. (1)

4.2 Kyk na die SPRAAKBORREL in RAAMPIE 1.

Wat is die funksie van die ellips? (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



4.3 Kyk na RAAMPIE 2.

4.3.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies om die idioom te voltooi.

Meester se reaksie op Neelsie se versoek om sy kar te leen slaan Meester (dronk/pap). (1)

4.3.2 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf die letter (A – D) langs die vraagnommer (4.3.2) neer.

Die spotprentkunstenaar beklemtoon in RAAMPIE 2 se spraakborrel hoe … Meester is.

A woedend
B verleë
C lui
D bly (1)

4.3.3 Watter visuele tekens dui Meester se gevoelens die beste aan? Gee TWEE feite. (2)

4.4 Neelsie se optrede in RAAMPIE 3 is ironies.

Voltooi die sin hieronder.

ʼn Leerder wil sy onderwyser se kar leen, maar … (1)

4.5 Skryf die sin hieronder oor as ʼn VRAAGSIN.

Neelsie se plan werk uit. (1)
**[10]**

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die tydskrifartikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

5.1 Lees die artikel deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F: ARTIKEL**




Duisende siek 5.1.1 (mens) in Suid-Afrika wag hoopvol op organe. Sommige is gelukkig wanneer hulle betyds ŉ (5.1.2) (geskik) orgaan soos ŉ hart, nier, lewer of ŉ long kan kry wat suksesvol (5.1.3) (oorgeplant) kan word, en ander nie. (5.1.4) *Education for Living Legacies* se doelwit is (bewustheid van orgaanskenking skep). (5.1.5) Sy beklemtoon hoe belangrik bewusmaking is. Mense moet as skenkers registreer. (5.1.6) Jy moet vir jou naasbestaandes sê: "Julle moet my wense respekteer." (5.1.7) Hoe kan jy ŉ (orgaan + skenker) word? Registreer aanlyn (5.1.8) (by/vir/met) www.odf.org.za. (5.1.9) (Bel/Foon) die orgaanskenkerstigting by 0800 226 611 vir (5.1.10) (baie) inligting. ŉ (5.1.11) (Kaart) word vir jou gestuur. Jy moet die plakker wat jy kry op jou ID-kaart plak. Jy kan soveel as 5.1.12 (7) lewens red. (5.1.13) Ouderdom is ŉ faktor as jy ŉ skenker wil word.

**[Verwerk uit *Rooi Rose*, Jy kan 7 lewens red, Desember 2024]**

5.1.1 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Daar is duisende siek (mens) in Suid-Afrika. (1)

5.1.2 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.

Party mense is gelukkig om betyds ŉ (geskik) orgaan te kry. (1)

5.1.3 Verdeel die woord tussen hakies korrek in LETTERGREPE.

Party mense se hart of ŉ nier word suksesvol (oorgeplant). (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.1.4 Skryf die hele sin oor in die INFINITIEF.

Die doelwit is (bewustheid skep). (1)

5.1.5 Verbind die twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies en plaas die KOMMA op die korrekte plek.

Sy beklemtoon hoe belangrik bewusmaking is. Mense moet as skenkers registreer. (want) (1)

5.1.6 Skryf die sin hieronder in die INDIREKTE REDE. Gebruik **dat** in jou antwoord.

Jy moet vir jou naasbestaandes sê: "Julle moet my wense respekteer." (2)

5.1.7 Vorm ŉ SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Hoe kan jy ŉ (orgaan + skenker) word? (1)

5.1.8 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies.

Registreer aanlyn (by/vir/met) www.odf.org.za. (1)

5.1.9 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

(Bel/Foon) die orgaanskenkerstigting by 0800 226 611. (1)

5.10 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Skakel 0800 226 611 vir (baie) inligting. (1)

5.1.11 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

ŉ (Kaart) word vir jou gestuur. (1)

5.1.12 Skryf die GETAL tussen hakies as ŉ woord.

Jy kan (7) lewens red. (1)

5.1.13 Skryf die sin hieronder in die ONTKENNING.

Ouderdom is ŉ faktor. (1)

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS G: PRENT**




**[Bron: *google images*]**

5.2.1 Skryf die sin hieronder oor in die LYDENDE VORM.

Mense dra fiksheidshorlosies. (1)

5.2.2 Skryf die hele sin hieronder in die korrekte WOORDORDE.

Jy moet (afhaal) (daagliks na oefening) (jou fiksheidshorlosie). (1)

5.2.3 Skryf die sin hieronder oor in die VERLEDE TYD.

Fiksheidshorlosies kan jou vel irriteer. (1)

5.2.4 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Atlete is (passiewe) mense. (1)

5.2.5 Gebruik die HOMONIEM van die woord tussen hakies in ŉ sin sodat die betekenis duidelik blyk.

Die swemmer het ŉ (prys) gewen. (1)

5.2.6 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

(Mense wat draf) neem aan wedlope deel. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 80**

EINDE

SA EXAM PAPERS
Proudly South African
GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA